**Maandag 8 Mei**
**Skrifgedeelte: Hooglied 2:8-17**
**Fokusgedeelte: Hooglied 2:15**
**Wag met liefde tot die tyd wat God daarvoor bepaal het**

Hooglied 2:8-17 verkondig aan ons om te wag met seksuele liefde tot die tyd wat God daarvoor bepaal het. Die gedeelte begin met ’n uitbeelding van die man se intense begeerte vir die vrou. Hy word deur haar beskryf as iemand wat oor berge spring en oor heuwels huppel om by haar uit te kom (Hoogl. 2:8). Daar aangekom, kan hy haar maar net beloer deur die vensters en latwerk (Hoogl. 2:9). As hy sy mond oopmaak, is sy intensies duidelik: “Staan op, my liefling, en kom” (Hoogl. 2:10, 13). Volgens hom is die tyd ryp vir die genieting van die liefde. Dit is lentetyd, en alles roep om nuwe lewe en vrugbaarheid (Hoogl. 2:11-13).

Maar hoe antwoord die vrou? Sy vra hom om die klein jakkalsies te vang wat die wingerde verniel (Hoogl. 2:15). Met hierdie beeld verwys die vrou waarskynlik na iets (die klein jakkalsies) wat hulle ontwikkelende liefde (die wingerde wat bot) verhinder of kan beskadig. Sy het ook ’n intense begeerte vir die man (Hoogl. 2:16), maar die tyd is nie nog nie reg nie (Hoogl. 2:17). Hierdie woorde sluit mooi aan by die refrein wat ons in die boek kry: “Moenie die liefde wakker maak en aanvuur voor die tyd daarvoor ryp is nie” (Hoogl. 2:7; 3:5; 8:4).

Binne die huwelik is seksuele liefde tussen ’n man en ’n vrou goed en mooi en reg – soos God dit bedoel het. Wag daarom met hierdie liefde tot die tyd wat God daarvoor bepaal het.

In ons dag en tyd kan min mense wag. Maar dit is die moeite werd om vir sommige dinge te wag. As kerk van die Here wag ons op die wederkoms van Christus. Dan sal die bruilofsfees aanbreek (Op. 19:7-8), en sal Christus ons in volle heerlikheid by Hom neem (Ef. 5:27). Wag daarom vol hoop!

*Sing: Skrifberyming 18-3:8, 9*

*Prof. AJ Coetsee (Albert) (TSP)*